**18 JANUARIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 16 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 16:1,2 (OAV)**

## God se nabyheid en beskerming

As ons aan die lewe van Dawid dink, weet ons dat hy gedurigdeur in lewensgevaar verkeer het en vir sy lewe moes vlug. Teen dié agtergrond kan ons verstaan dat Dawid in Psalm 16 sy toevlug tot die Here neem en pleit (vs. 1): “Bewaar my, o God, want by U skuil ek.”

Dawid kon sy toevlug tot die Here neem omdat hy sy vertroue ten volle op die Here gestel het. Waarom kon Dawid dit doen? Was dit omdat hy so wonderlik kon glo? Luister wat bely Dawid (vs. 2): “Ek het tot die HERE gesê: U is my Here...” Dawid bely dat die Here Hom kragtens sy verbond aan Dawid verbind het. Alleen op grond van die Here se troue verbondsliefde kan Dawid bely dat die HERE sy Here is. Watter gevaar daar ook al op Dawid se pad mag kom, dit is vir hom ‘n troos om te weet hy is die Here se eiendom, die Here sal vir hom sorg. Dawid hoef sy vertroue op niemand anders te stel nie. Daar is vir hom geen goed bo die Here nie.

Elke gelowige kan persoonlik bely: HERE, U is my Here. Ons kan dit bely omdat die Here Hom deur Jesus Christus aan ons verbind het. Ons is die Here se eiendom; daarom kan ons seker wees van die Here se nabyheid en beskerming in moeilike omstandighede en die grootste gevaar. Met die grootste vrymoedigheid kan ons saam met Dawid bid: “Bewaar my, o God, want by U skuil ek.”

*Sing: Psalm 16:1* *Ds Fenmo Berg (Bothaville)*